Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# VERBRUIKERSTUDIES NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

## VRAAG 1: KORTVRAE

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 1.1.1 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.2 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.3 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.4 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.5 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.6 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.7 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.8 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.9 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.10 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.11 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.12 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.13 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.14 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.15 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.16 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.17 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.18 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.19 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.20 | C ✓ | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | E ✓ | |
| | 1.2.2 | D ✓ | |
| | 1.2.3 | A ✓ | |
| | 1.2.4 | H ✓ | (4) |
| 1.3 | 1.3.1 | Uitsluitingsklousule ✓ | |
| | 1.3.2 | Waarborg ✓ | |
| | 1.3.3 | Grys/parallel goedere ✓ | |
| | 1.3.4 | Inflasie ✓ | |
| | 1.3.5 | Onbillike praktyk ✓ | (5) |
| 1.4 | B ✓ | | |
| | C ✓ | | |
| | F ✓ | | |
| | G ✓ | (Enige volgorde) | (4) |
| 1.5 | 1.5.1 | Ongepasteuriseerde melk ✓ halfgaar vleis ✓ | (2) |
| | 1.5.2 | lewer ✓ | (1) |
| | 1.5.3 | 1–7 dae ✓ | (1) |
| | 1.5.4 | Kalsuimpropinaat ✓ | |
| | | Bleikmiddel ✓ | (2) |
| | 1.5.5 | Maksimum 3 g of minder ✓ | (1) |
| | | | **[40]** |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Tipe rente bereken op die hoofbedrag**

- Saamgestelde rente ✓ (1)

2.2 **TWEE hernubare/alternatiewe bronne van fossielbrandstowwe.**

- Son ✓ / Solar-energie
- wind ✓
- water / hidrokrag✓
- bio-energie ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.3 **TWEE nadele van fossiel brandstowwe.**

- Hulle het beperkte reserwes ✓
- Stel skadelike gasse vry/koolstofdioksied/toksiese chemikalieë in die atmosfeer wanneer dit brand ✓
- Veroorsaak besoedeling ✓ en kan respiratoriese siekte veroorsaak ✓
- Fossiel-energie gee swaweldioksied ✓ af wat suurreën veroorsaak ✓

(Enige 2 x 1) (2)

2.4 **Die agentskap wat belasting invorder**

- Suid-Afrikaanse Belastingsdiens / (SAID) ✓ (1)

ÉcoleBooks

2.5 **Vergelyk Lopende en Voorlopige betaalstelsel:**

| | **ASPEK** | **LOPENDE BETAALSTELSEL** | **VOORLOPIGE BETAALSTELSEL** |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | Wanneer word dit betaal? ✓ | Maandeliks op dieselfde tyd/$^{1}/_{12}$de van die geskatte jaarlikse belasting ✓ (1) | 2 paaiemente/of 2 keer per jaar. ✓ (1) |
| 2.5.2 | Beskryf die kategorieë van die belasting betaler en gee een voorbeeld. ✓ | Diegene wat 'n vaste/ gereelde inkomste het Onderwyser/polisieman (Enige aanvaarbare voorbeeld) ✓ (2) | Diegene wat ongereelde inkomste verdien. Boere, besigheidseienaar alleen-eienaar. (Enige aanvaarbare voorbeelde) ✓ (2) |

**LET WEL:** Minus 1 punt indien nie in tabelvorm is nie. (6)

2.6 2.6.1 **Identifiseer die tipe "bedrog".**
Uitvissing ('Phishing') ✓ (Internet-bedrog) (1)

2.6.2 **Skryf ŉ paragraaf en bespreek die tipe bedrog wat verbruikers aan risiko's blootstel en hoe die verbruiker hom/haarself teen hierdie tipe misdaad kan beskerm.**

**Die bedrog**

Die krimineel stuur ŉ e-pos wat geldig voorkom/nagemaakte e-pos/gee voor dit kom van die bank, ✓ om vir jou ŉ strik te stel/en sodoende jou persoonlike informasie ✓ en finansiële informasie/kredietkaart nommer/ ✓ gebruiksnaam te steel. ✓ Die verbinding lei jou na ŉ vervalste webblad sodat hulle jou kredietkaarte/geld steel. ✓ Die inligting kan gebruik word om identiteitsdiefstal te pleeg. ✓

**Beskerm jouself**

Wees bewus dat banke nie kliënte vir finansiële informasie via e-pos vra nie ✓ / verwyder 'verdagte pos' ✓ /opdateer anti-virus sagteware✓ /moet nooit persoonlike detail via e-pos gee nie✓ /moenie aanhangsels van "verdagte pos"/spam oopmaak nie ✓ / gaan bankrekeninge gereeld na ✓ en kanselleer kaarte onmiddellik. ✓

**LET WEL:** Beide dele van die vraag moet beantwoord word om 5 punte te kry – verduideliking van die strik/bedrogspul en hoe jy jouself kan beskerm. Minus 1 punt indien nie in paragraafvorm geskryf is nie. (5)

2.7 2.7.1 **Identifiseer ŉ woord wat aandui dat dit ŉ geskrewe kontrak is.**

- Geteken ✓ (1)

2.7.2 **Bereken die totaal wat sy aan die einde van die kontrak periode sal betaal.**

R250 x 12 = R3 000 + R125 = R3 125 ✓

**LET WEL:** Merk slegs die finale antwoord. Leerlinge hoef nie die berekeninge te toon nie. (1)

2.7.3 **Meld DRIE verantwoordelikhede wat sy rakende die kontrak het.**

- Lees die kontrak deeglik deur. ✓
- Maak seker dat sy die terme en voorwaardes verstaan, voordat sy teken. ✓
- Vra vrae indien jy duidelikheid oor die klousule wil hê. ✓
- Kom die kontrak verpligtinge na/sy is verplig om die geld te betaal op die ooreengekome datum elke maand. ✓
- Hou ŉ kopieë van die kontrak. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

2.7.4 **Verduidelik TWEE maniere hoe die VBW voorsiening maak om Amanda te beskerm indien sy haar lidmaatskap wil kanselleer.**

- Sy moet 20-besigheidsdae/werksdae kennis gee. ✓
- Sy moet skriftelik kennis gee/kennisgewing op skrif stel. ✓
- Die gimnasium moet nie ŉ buitensporige fooi as ŉ straf vir kansellasiefooie vra nie. ✓
- Die kansellasiefooie moet nie meer as 10% van die uitstaande bedrag wees nie. ✓ (Enige 2 x 1) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.8 2.8.1 **Bespreek VIER aksies van die manier hoe die groep funksioneer wat soortgelyk aan ŉ tipiese 'stokvel' is. (Moenie die sinne oorskryf nie)**

- Dit is ŉ ko-operatiewe benadering waar lede as ŉ span/klub/ gemeenskap saamwerk. ✓
- Hulle streef na dieselfde doel om hulle plase aan die gang te hou/om fondse te het. ✓
- Dit het ŉ ekonomiese funksie/tot die ontwikkeling van hulle besighede. ✓
- Hulle is 23 lede wat aan ŉ groep behoort. ✓
- Spaar kapitaal vir 12 maande en dit het duidelike reëls hoe om te opereer/lede word beskerm. ✓
- Spaar geld/kapitaal word saamgegooi om in ŉ gemeenskaplike fonds te belê. ✓
- Al die lede trek voordeel omdat hulle voorraad goedkoper kry en ŉ aandeel in die skema het. ✓
- Besluit saam wat om te koop/vertrou mekaar. ✓
- Vertroue in die komitee om besluite te neem/bestuur die skema. ✓
- Sosiale vergaderinge waar idees/kennis geruil word. ✓

**LET WEL:** Geen punte vir aanhaling van sinne. (Enige 4 x 1) (4)

2.8.2 **Beskryf hoe ŉ onwettige piramiedeskema bedryf sou word indien dit die gekose skema in die scenario was.**

In ŉ piramiede skema word die geld ongelyk/volgens vlakke toegeken./
Thabo sal op die hoogste vlak wees. ✓ Die lid/Thabo wat die skema begin het, sal die meeste geld het. ✓
Lede/Boere wat later aansluit sal minder kommissie ontvang/sal minder byvoordele kry/geen werklike beleggingsinkomste ontvang nie. ✓/
Elke lid/boer sal nie geld insamel vir die voordeel van anders maar vir hulself.
Lede kan ŉ fooi betaal om aan te sluit. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

2.9 **Analiseer die impak wat die koronavirus op verbruikers se belasting bydrae aan die staat, vir die twee areas wat in die stelling genoem word, het.**

- Die impak was ernstig omdat die regering baie inkomste verloor het. ✓
- Persoonlike inkomste belasting en BTW is die regering se grootste bron van inkomste.Hierdie twee bronne van inkomste was grootliks geraak. ✓
- ŉ Hoër werkloosheid beteken minder mense betaal inkomstebelasting. ✓
- ŉ Laer verbruik beteken minder BTW word aan die regering betaal omdat minder goedere gekoop was. ✓
- Die verloor van inkomste beteken dat die regering nie begrotingsuitgawes kan nakom nie. ✓
- Dit beteken dat die regering geld moet leen en die land in skuld dompel. ✓
- Die impak lei na ŉ verhoging in belasting om te help met die skuld. ✓
- Die Corona-virus pandemie genoodsaak ŉ inperking wat beperkinge op die verskillende vlakke teweegbring. ✓
- Vlak 5 sal meer beperkings hê wat die ekonomie meer sal affekteer; ŉ rimpel-effek het en sal die impak vererger. ✓

- Gedurende inperking kon slegs essensiële/noodsaaklike dienste verskaf word. ✓
- Minder Belasting Op Toegevoegde Waarde (BTW) kon na die staat toe gaan, omdat winkels nie kon handel dryf nie. ✓
- Mense het hulle werk verloor as gevolg besighede wat toegemaak het, so werklose mense het geen inkomstebelasting betaal nie ✓
- Met geen salarisse, spandeer mense minder geld, daarom was BTW-bydrae nie deur winkels betaal nie. ✓
- Soos wat die vlakke verander het, was beperkings verminder en meer winkels kon handel dryf afhangende van die vlak en beperkte ure. ✓
- Beperkte ure beteken minder verkope daarop minder BTW wat aan die staat betaal word. ✓ (Enige 8 x 1) (8)

**[40]**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Gee die naam van die graderingsisteem wat koolhidrate klassifiseer op grond van hoe dit die bloedglukosevlakke affekteer.**

- Glisemiese Indeks (GI) ✓ (1)

3.2 **Die rol van insulien.**

- Beheer die normale bloed glukose-vlakke. ✓
- Stimuleer die ensieme in spiere en vetweefsel om die suiker van die bloed te verwyder ✓
- Vervoer glukose van die bloedstroom in die selle. ✓
- Breek af/verander glukose/suiker in energie. ✓ (Enige 1 x 1) (1)

3.3 **Gee TWEE verskillende maniere waarop die pankreas wat insulien produseer, by ’n Tipe 2-diabeet nie behoorlik funksioneer nie.**

- Die pankreas produseer nie genoeg insulien nie. ✓
- Die insulien werk nie behoorlik nie / die liggaam gebruik dit nie effektief nie/onvermoë om dit te gebruik. ✓ (2)

3.4 3.4.1 **Verduidelik in detail haar liggaam se reaksie op die vinnige vrystelling van die glukose in haar bloed.**

- Sy sal ’n energie hupstoot het / vinnige toename in glukosevlak. ✓
- Die liggaam/pankreas sal reageer/insulien word vrygestel, sy sal nou hiperglycemia/hoë bloedsuiker het. ✓
- Hoë bloedglukose in bloed veroorsaak dat insulien vrygestel word. ✓
- Insulien word deur die pankreas vrygestel om die oortollige glukose van die bloedstroom te verwyder. ✓
- Oormaat glukose word omgeskakel in glikogeen wat gestoor word. ✓ (gebruik op ’n later stadium)
- Om hoë GI-kosseop hul eie te eet/eet verkeerde kosse veroorsaak die liggaam om te reageer a.g.v. die hoë suiker inhoud en te veel insulien word vrygestel.
- As die vlakke daal onder normaal sal jy hipoglycemia het. ✓
- Dit sal na simptome soos honger gevoel, kopsere, bewerig, sweet, koue, moeg, swak en duiseligheid lei. ✓

**LET WEL:** ’n Maksimum van EEN simptoom vir die simptoompunt. Dit is nie die beklemtoning van die vraag nie. (Enige 5 x 1) (5)

3.5 **Vergelyk die bestuur van 'n dieet vir diabetes en osteoporose lyers.**

| | AANBEVELING | DIABETES | OSTEOPOROSE |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | Rede waarom proteïen verminder moet word | Om spanning op die niere te verminder / oortollige proteïene sal bene oor tyd verswak✓ (1) | Die liggaam onttrek kalsium van die bene om die sure te neutraliseer wanneer die proteïen verteer. ✓ (1) |
| 3.5.2 | Die tipe drank wat beperk moet word | Suikerryke drankies (vrugtesappe. gasdrankies / Alkohol / volroom melk) (1) | Tee/koffie/alkohol ✓ (1) |
| 3.5.3 | 'n Rede waarom geblikte vis (sardyntjie) in gesluit moet word | Vis is laag in vet. Onversadigde vette/ om die risiko van hart siekte te verminder. ✓ (1) | Dit is 'n bron van kalsium / Kalsium in eetbare bene / goeie bron van Vitamien D. ✓ (1) |

(6)

3.6 **Die verwantskap tussen veroudering en beenmassa met die risiko van osteoporose by vrouens. (Interpreteer die grafiek)**

- Beenmassa verhoog tot ouderdom 25 jaar. Soos jy ouer word, verminder die beenmassa. ✓
- 'n Verhoging in jonger persone is as gevolg van die liggaam wat nuwe bene vinniger bou as die verwydering van ouer bene/bene herstel vinnig. ✓
- Beendigtheid verhoog tot ± 30 jaar. ✓
- Die piek beenmassa word van 25 tot 30 jaar bereik. ✓
- Na 40 jaar sal die beenmassa geleidelik verminder/beendigtheid is verlore. ✓
- Nuwe bene word nie so vinnig gebou soos dit verwyder word vinniger van die bene onttrek is as wat dit vervang is. ✓
- Dit kan lei tot osteoporose/vermeerder die risiko van osteoporose / as gevolg van die bene wat verlore gaan en nie volledig vervang word nie, wat veroorsaak poreuse bene tot gevolg het. ✓
- Beenmassa verminder meer na 50 jaar want beenverlies is meer vinniger as gevolg van menopouse ✓ / estrogeen vlakke verminder. ✓
- Estrogeen sal normaalweg bene teen beenverlies beskerm. ✓ (Enige 6 x 1) (6)

3.7 **Gee DRIE eienskappe van organiese geproduseerde voedsel insluitend dat dit nie-geneties gemodifiseer is.**

- Vry van (sintetiese) insekdoders ✓
- Gebruik geen hormone ✓
- Geen groei van regulators/stimulators ✓
- Geen vee voedsel-additiewe ✓
- Het meer geur/smaak as ander vrugte en groente. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

3.8 **Verduidelik hoe voedsel-bestraling die raklewe van voedsel verleng.**

- Dit verminder / vernietig / skakael mikro-organismes/bakterieë/salmonella bakterieë/ insekte in voedsel uit / gebruik kort golflengte/kort lig/radiogolwe in die kos. ✓ (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.9 **Analiseer waarom self-onderhoudening ŉ oplossing mag wees om die gebrek aan voedsel-sekuriteit aan te spreek.**

- Self-onderhoudend verwys na die groei van jou eie gewasse/aanhou van vee en om self hulle eie voedsel te produseer. ✓
- Voedselsekuriteit is die individue se vermoëns om genoeg voedsel op ŉ daaglikse basis/veilig en voedsame voedsel te verkry.✓
- Nie alle Suid-Afrikaanse huishoudings het toegang tot voldoende voedsel. ✓
- Organisasies wat voedsel tydens die Covid-19 pandemie voorsien het is ŉ tydelik oplossing✓
- Onvoldoende voedsel, hongerte, armoede en hoë werkloosheid sal ŉ uitdaging bly.✓
- Die programme leer mense om self-onderhoudend te wees/deur hullevaardighede te leer / leer mense om hulle gewasse te groei, dus sal hulle hulself, en hul families kan voed en verseker dat die kos op ŉ gereelde basis beskikbaar is. ✓
- Dit sal mense in staat stel om die vaardigheid vir lewenslank te het en sal dus hoop het vir die toekoms. ✓
- Die mense kan hulle eie inkomste genereer deur produkte te verkoop wat hulle self geplant het. ✓
- Hulle sal voordeel trek om entrepreneurs te wees want hulle het hul eie besigheid begin. (ŉ sin van verantwoordelikheid/trots/misdaad te verminder). ✓
- Dit sal armoede verlaag. ✓
- Volhoubaarheid word verkry soos mense tot ŉ seker mate in hulle eie behoeftes voorsien. ✓
- Dit beantwoord die kwessie van voedsel-onsekerheid waar mense eerder goedkopper voedsel koop en ŉ dieet met ŉ swak voedingswaarde volg, wat aan kroniese siektes verwant is soos vetsug, diabetes, hipertensie en hartsiektes. ✓ (Enige 6 x 1) (6)

3.10 **Bespreek hoe die verskillende tipes inligting wat op voedseletikette voorkom wat verband hou met voedselveiligheid en verduidelik hoe elke kategorie die verbruiker se veiligheid waarborg.**

- Die berginginstruksie ✓ sodat die voedsel veilig bly om te eet, byvoorbeeld hou in die yskas of eet binne 3 dae na oopgemaak is. ✓
- Datum-etiket/-stempel ✓ sodat die produk binne die dag en maand gebruik word wat nadelig vir jou gesondheid kan wees as jy nie weet nie. Byvoorbeeld die gebruiksdatum op bederfbare kos.
- ŉ Reeksnommer/voedsel herroep-inligting ✓ is belangrik vir die opspoor van die produk sodat dit vinnig van rakke verwyder kan word ingeval van onveilige en nie-geskikte kos. ✓
- ŉ Allergeen lys as ŉ verbruiker ŉ negatiewe effek aan ŉ stof het as hulle sensitief is. ŉ Ernstige reaksie soos ŉ analfalitiese skok sal dodelik wees. ✓
- Voorbereiding/kook/verhitting instruksies sodat die produk voorberei word op die regte temperatuur. Verkeerde temperatuur mag nie die mikro-organismes vernietig nie/bevorder hul groei.
- Byvoegingslys. ✓ ŉ Verbruiker mag sensitief wees/skadelik vir hulle gesondheid. ✓
- Bestanddele-lys. ✓ ŉ Verbruiker mag sensitief wees/het ŉ negatiewe effek van die bestanddele wat nie op die allergene lys verskyn nie. ✓ (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Noem TWEE voorbeelde waar 'n verbruiker klere kan hergebruik in plaas van herwin.**

- Verkoop of ruil ongewenste klere vir 'n tweede keer /liefdadigheid / spaarsamigheidswinkel. ✓
- Verwerk dit in 'n nuwe kledingstuk/herwin ✓
- Skenk die klere aan 'n kleding bank/kerk/liefdadigheidswinkel/tehuis vir die behoeftiges. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.2 4.2.1 **Noem TWEE redes waarom die T-hemp as klassiek beskou word.**

- Dit was in die rondte vir jare/lank tyd/gebly in baie seisoene ✓
- Dit het gewild gebly ✓
- Die ontwerp het eenvoudige lyne/eenvoudigheid/basiese style/ smaakvol ✓
- Word deur groot groepe mense aangetrek ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.2.2 **Beskryf die term *styl*. Verwys na die prente in jou antwoord.**

- Styl is die eienskappe wat een produk van 'n ander van dieselfde tipe laat verskil / Buitelyne van die kledingstuk wat verskil van mekaar ✓
- Die T-hemp wat die vorm van die halslyn betref, verskil.
- Ronde nek / V-nekgeknoopte. ✓ (3)

4.3 **Lys TWEE gevolge van handelsmerkplagiaat in 'n besigheid.**

ÉcoleBooks

- Die oorspronklike vervaardigers verloor miljoene rande/verkope. ✓
- Die beeld/reputasie van die handelsmerk word beskadig/minder verkope as kliënte geloof in produk verloor/kwaliteit van item is swakker. ✓
- Dit verhoed dat die geregistreerde handelsmerk-eienaars die markte betree waar roofhandelsmerke gewild is/alreeds bestaan
- Dit beskadig die handelaar wat die wettige produk verkoop / die geleenthede mis om werksgeleenthede te skep wat veroorsaak dat werk verlore gaan. ✓
- Geen kompetisie op die mark/mededingers word afgesit as gevolg van prys-oorloë. Hulle sal moet kies tussen lae pryse of nagemaakte goedere. ✓
- Lande ontvang geen doeaneregte/invoerbelasting op produkte wat die land binnekom nie ✓ en dit is nadelig/negatiewe impak op die ekonomie ✓

(Enige 2 x 1) (2)

4.4 **Beskryf waarom illustrasie B 'n voorbeeld van handelsmerkplagiaat is.**

- Die name is soortgelyk as die oorspronklike. ✓
- Daar is baie minder verandering in die cougar handelsmerk. ✓
- Die oorspronklike naam en die handelsmerk word beskerm deur die handelswet en dit is gekopieer/doelbewus gebruik. ✓
- Dit is misleidend/verwar die kliënte. ✓ (Enige 2 x 1) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.5 **Bespreek waarom die onderstaande uitrusting vir virtuele vergadering geskik is.**

- Die boonste helfte is formeel en dit is al wat gesien word gedurende die virtuele vergadering, ✓ dus is die denimbroek en skoene vir die onderste helfte geskik. ✓
- Die hemp is nie deurskynend. ✓ Die baadjie voeg formaliteit by. ✓
- Die neutrale kleure (bruin en wit) sal nie so uitspattig wees nie. ✓
- Die halssnoer is nie so bonkig nie en dit gaan goed gepaard met die “tan” kleur. ✓
- Die kenmerke van haar gesig kan gesien word/beklemtoning is op die gesig en nie op haar klere nie. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

4.6 **Verduidelik die term *volhoubaarheid* met betrekking tot kleding en analiseer die stelling om vas te stel of herwonne poliëster volhoubaar is of nie.**

Volhoubaarheid beteken dat gedurende die groei/produksie van die gewasse en die vervaardiging van kleedstof was daar ʼn minimale impak op die omgewing /omgewingsvriendelik en ✓ / die hulpbronne nie uitgeput is nie/beskadig/gemaak van hernubare hulpmiddels. ✓
Klere wat van hergebruikte poliëster gemaak is/ plastiekbottels sal op die vullis hoop beland. Dit beteken dat minder nuwe kleedstof vervaardig moet word en dat party hulpbronne bespaar word( petroleum) en verminder die koolstof voetspoor ✓ as gevolg van minder energie en minder chemikalieë om herwinde vesels te maak, ✓ minder lugbesoedeling en kweekhuisgasse. ✓ Dus is dit ʼn beter opsie as om nuwe klere te koop.
Herwinbare poliëster is nie bio-afbreekbaar nie. ✓ Plastiek word verkry van petroleum wat nie-herwinbaar is, daarom is dit nie omgewingsvriendelik nie ✓ en daarom vervul dit nie die betekenis van die woord volhoubaar nie. ✓

Gevolgtrekking: Herwinde poliëster is nie volhoubaar nie.

**LET WEL:** 2 punte vir die term volhoubaar.
3 punte vir die bespreking rakende die stelling.
1 punt vir gevolgtrekking. (6)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 5.1.1 **Noem die TWEE partye wat die huurkontrak teken.**

- Huiseienaar/verhuurder/eiendom-eienaar. ✓
- Huurder / Brett. ✓ (2)

5.1.2 **DRIE nadele wat BRETT ondervind het met sy vorige huurder.**

- Hy kon nie ŉ hond aanhou nie. ✓
- Hy kon nie die badkamer verander nie/moes toestemming verkry van huiseienaar ✓ / Raadpleeg eers met eienaar. ✓
- Hy het nie van sekere reëls gehou nie. ✓ (3)

5.1.3 **Lys TWEE vereistes wat Brett moet uitvoer as hy sy eie besigheid vanaf sy gehuurde akkommodasie wil bedryf.**

- Hy moes toestemming van die huiseienaar kry. ✓
- Hy moes goedkeuring van die munisipaliteit verkry. ✓ (2)

5.1.4 **Beskryf hoe die eienaar van die eiendom deur die ondertekening van ŉ huurkontrak beskerm word.**

- Die eienaar kan die deposito hou as die huurder die perseel verlaat voordat die huurkontrak verval. ✓
- Hy kan die deposito gebruik om te betaal vir enige skade aan die eiendom. ✓
- Hy het die deposito as die huurder vir ŉ maand of twee nie betaal nie. ✓
- ŉ Getekende huurkontrak beteken dat die eiendom ondersoek was en ŉ lys van defekte is gemaak sodat verhuurder bewyse het dat daar geen skade was voordat huurder ingetrek het. ✓
- Die huurkontrak is ŉ wettige dokument en in ernstige gevalle sal dit in die hof gebruik kan word om die huurder uit te sit. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

5.2 **Onderskei tussen die verantwoordelikheid van die koste van die sekuriteit en onderhoud tussen volle eienaarskap en deeltitel eienaarskap.**

- Volle titel – een is verantwoordelik om te betaal vir eie sekuriteit en versorging. ✓
- Deeltitel eienaarskap – jy is verantwoordelik as dit by jou eie eenheid vir sekuriteit en onderhoud, maar die sekuriteit rondom die kompleks en versorging van die gemeenskaplike eiendom word gedeel/heffings word gebruik om die koste te betaal. ✓ (3)

5.3 5.3.1 **Lys TWEE verantwoordelikhede van die verbruiker wanneer hulle die mikrogolfoond koop met betrekking tot die waarborg.**

- Om ingelig te wees deur die waarborg te lees/kennis te neem hoe lank die waarborg is. ✓
- Vul in die waarborgkaart en stuur dit na die vervaardiger. ✓
- Hou alle relevante dokumente/kontantstrokies om die waarborg te ondersteun. ✓
- Gebruik die ontwerpkenmerke van die mikrogolfoond wat die waarborg gedurende die tydperk dek. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



5.3.2 **Bespreek hoe jy as verkoopspersoon die mikrogolfoond se eienskap die kenmerke van die besparing van krag aan kliente sal bemark. Sluit beide menslike en nie-menslike energie in jou verkoopspraatjie.**

- Nie-menslike energie/elektrisiteit/maandelikse rekening bespaar / is minder. ✓
- Nie-menslike verwys na die ECO-plasing wat die krag verbruik; spaar op jou huishoudelike en maandelikse energie rekeninge. ✓
- Die ECO-plasing sal verseker dat die oond minder krag gebruik wanneer die oond nie gebruik word nie, maar die sal steeds in die kragprop wees bv. wanneer die tyd/horlosie nog steeds werk. ✓
- Die kragvlak bespaar elektrisiteit as jy ŉ seleksie het wat kan pas teenoor die kragvlak wat nodig is vir kook. Hoe hoër die kragvlak, hoe meer krag word getrek so wanneer volle krag nie nodig is nie kan jy elektrisiteit bespaar✓
- Menslike energie/fisiese krag word gespaar as die interieur oppervlak maklik is om skoon te maak/geen skrop is nodig/maklik om skoon te maak en bespaar dus tyd. ✓
- Menslike energie/tyd word bespaar en die kos kook gou in die mikrogolf-oond. ✓

**LET WEL:** ŉ Punt kan nie toegeken word as net die ontwerpkenmerk genoem word nie. Die kenmerk moet aan menslike en nie-menslike verduideliking gekoppel wees.

**Punte kan nie slegs vir ŉ bespreking toegeken word nie. Beide vorme van energie moet bespreek word om volle punte te kry.** (5)

**[20]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Definieer die term *teikenmark*.**

ŉ Sekere groep mense wat mees waarskynlik die produk of diens sal koop

**OF**

Die Groep mense wat jy teiken om jou produk of diens aan te koop. ✓✓ (2)

6.2 **Gee TWEE voordele van roetine / of voorkomende instandhouding van toerusting in die bedryf van ŉ besigheid.**

- Verseker ŉ aanhoudende produksievloei/moenie stadiger gaan nie/moenie produksie stop nie. ✓
- Verminder herstelwerk, dus verminder die koste van herstelwerk. ✓
- Verminder ongeskeduleerde herstel wat produksie kan ontwrig. ✓
- Voorkom onverwagse/oontwrigtings onderbrekings gedurende produksie. ✓
- Voorkom die verlies van inkomste vir die besigheid. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

6.3 **Lys DRIE redes waarom ’n besigheid voorraadopname moet doen.**

- Verseker die aankope van die korrekte, hoë kwaliteit grondstowwe en maak dit beskikbaar vir produksie. ✓
- Voorkom die vermorsing / tekorte aan grondstowwe wat die produksie van kan vertraag/stop. ✓
- Voorkom om te veel geld te spandeer op voorraad wat op ’n ander plek effektief gebruik kan word. ✓
- Help om diefstal te vermy wat produksie kan vertraag. ✓
- Dit voorkom vermorsing, -oud, en voorraad wat verval het / gebruik bestanddele voordat dit bederf.✓

(Enige 3 x 1) (3)

6.4 6.4.1 **Identifiseer die faktor wat beskikbaar is vir Thabo wat ’nproduk moes kies vir sy besigheid uit die onderstaande sinne.**

(a) Beskikbaarheid van menslike vaardighede. ✓
(b) Beskikbaarheid van werkspasie. ✓ (2)

6.4.2 **Noem TWEE voordele vir Thabo wat die trok as ’n punt van verkope gebruik**

- Hy kan ry tot waar sy teikenmark is/nader aan sy teikenmark/op die regte plek wees. ✓
- Hy kan sy produkte direk aan sy kliënte versprei / direkte verkope het meer voordele. ✓
- Hy kan in kontak met sy teikenmark wees /wees baie bewus van hulle behoeftes/laat hulle belangrik voel omdat hy persoonlik sy produk verkoop. ✓
- Kry terugvoering van die kliënte omdat hulle met hom kan praat en so verbeter hy sy besigheid/ hou sy kliënte gelukkig. ✓
- Hy sy handelsbeeld beheer want hy bemark sy produk self. ✓ (2)

6.4.3 **Identifiseer TWEE aanvangskoste.**

- Kapitaal (van sy oom) ✓
- Trok ✓
- Bestanddele.✓
- Koeldranke.✓
- Ontsmetmiddel (in die trok) ✓

**LET WEL** : NIE Apparaat nie want hy het alle apparaat by die huis.

(Enige 2 x 1) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



6.4.4 **Bespreek hoe die produkte aanklank by die teikenmark sal vind.**

- Die produkte/roosterkoek en vetkoek is by die huis gemaak en nie massa geproduseer nie.
- Kan enige tyd gedurende die dag geëet word /ontbyt/middagete en versnapperings ✓
- Bied ŉ verskeidenheid vulsels aan wat by die kliënte se voorkeure pas. ✓
- Die vulsels was deur sy vriende getoets. ✓
- Hy sou sy eie gereelde getoetste en vertrou resep gebruik
- Welbekende populêre produkte. ✓
- Die produkte het ŉ brood/deegbasis so dit is vullend en die honger stil. ✓
- Die produk is redelik geprys en waarde vir geld. ✓
- Die besigheid kom na hulle, wat gerieflik is. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

6.4.5 **Gee DRIE items van inligting wat op ŉ etiket moet verskyn van ŉ produk wat voor die tyd bestel en verpak word.**

- Naam van die produk ✓
- Beskrywing van produk (Vulsel geure)✓
- Kontak besonderhede ✓
- Bestanddele lys ✓
- Datum van vervaardiging / verkoopsdatum ✓ (Enige 3 x 1) (3)

6.4.6 **Bespreek SES higiëniese praktyke wat gevolg moet word vir kliënte om voedsel veilig gedurende Covid-19 pandemie te koop.**

- Hy moet ŉ masker dra gedurende die voorbereiding en verkope van voedsel. ✓
- Het hand ontsmettingsmiddel om hande gereeld te ontsmet. ✓
- Vee die oppervlakte in die trok af. ✓
- Sy hare moet bedek wees ✓
- Bedien voedsel met handskoene aan. ✓
- Elke individuele porsie moet apart verseël word vir verkope. ✓
- Vulsels en gekookte deeg moet bedek wees wanneer met voedsel gewerk word. ✓
- Daar moet sosiale afstand (1 meter) tussen homself en die kliënte wees ✓
- Die kliënte moet ook sosiale afstand in die rye handhaaf. ✓
- Die kliënte moet almal maskers dra. ✓
- Het ontsmettingsmiddel om aan die kliënte se hande te spuit. ✓ (Enige 6 x 1) (6)

6.4.7 **Bereken die wins wat hy per maaand maak. Ton ALLE berekeninge. (Werk op 4 weke per maand.)**

R125 x 80 ✓ = R10 000 ✓

$$R10\,000 \times \frac{70}{100} \checkmark = R7\,000 \checkmark$$

R7 000 x 4 ✓ = R28 000 ✓

**LET WEL:** Die R-waarde moet in die finale antwoord verskyn om die finale punt te kry. (6)

6.4.8 **Analiseer waarom die besigheidsidee en die keuse van die produk die potensiaal het om ʼn suksesvolle besigheid te word**

- Thabo het altyd ʼn **belangstelling** in die voedselindustrie getoon. Van ʼn jong ouderdom hou hy van kos kook. Hy het in ʼn bakkery gewerk en het ʼn passie in die veld van die werk. ✓ (Hy sal waarskynlik entoesiasties wees wanneer hy die besigheid bevorder, terwyl hy voedsel verkoop).
  Hy het **menslike vaardighede** wat hy aangeleer het toe hy saam met sy ouma gewerk het en ondervinding opgedoen toe hy in die bakkery gewerk het. ✓ Dus besit hy die kapasiteit om die produkte te produseer. Sy produkte is deeg gebaseerd. ✓ Hy het ook besigheidsvaardighede aangeleer deur in die bakkery te werk.
- Thabo se produkte vervul die **behoefte** van ʼn ligte maaltye/ versnapering en voedsel as ʼn basiese behoefte. Hy het vasgestel dat daar altyd ʼn aanvraag vir maaltye sal wees wat gereed is om te eet / ʼn noodsaak om in die loop van die dag te eet want hy het die besigheidsidee ondersoek. Die aanbied van koeldranke is geskik om saam die versnappering te verkoop en dit is ook ʼn vinnige manier om geld te maak. ✓
- Sy **teikenmark** sal van alle ouderdomsgroepe wees, so hy sal potensiële groot teikenmark het. Die verskeidenheid van ʼn soet en souterige vulsels sal aanklank by spesifieke voorkeure vind. Dit sal dus die verbruikersaanklank by die verbruikers vermeerder, so die produk sal verkoop. Dit is uniek/tuisgemaakte ✓ produkte (nuutste, vars en goeie prys). Hy kan eenvoudige koste, effektief verpakking wat bedien as voedsel-item.
- **Hy kan plaaslike beskikbare bestanddele, rou materiale gebruik** as dit op vervoerkoste sal verlaag en nie die produksie sal stop nie, terwyl hy wag vir die verskaffers om die goedere af te lewer. Dit verseker dat die bestanddele vars is. Hy kan die vulsel aanpas met dit wat beskikbaar is.
- **Hy het die besigheidsidee/produk getoets**. Hy het sy vriende gevra om die vulsels te toets en hulle insette verkry. ✓
- Hy berei die produkte van die huis af, want hy het die **beskikbare ruimte;** daarom het hy ʼn produksiefasiliteit om die werkvloei/ produksielyn te beplan. ✓
- Hy wil nie met groot maatskappye kompeteer / meeding nie, maar bied iets verskillend aan en sy entoesiasme sal uitstekende diens verseker wat hom ʼn **mededingingsvoordeel** sal gee. ✓ Hy is beplan om die produkte teen ʼn verskeidenheid pryse te verkoop, sodat dit aan die bekostigbaarheid van die kliënte kan voldoen. ✓ (Hierdie punt kan ook bespreek word onder die behoefte en verbruikers-aantrekkingskrag van die teikenmark)
- **Die ligging van die trok sal in** ʼn besige area in die dorp geparkeer wordsodat hy sy teikenmark kan bereik. (Hy hoef nie geld te spandeer op die aflewering van goedere vir verbruiker aanklank nie).



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



- **Beskikbare finansies.** Sy finansiële posisie is stabiel want hy het die **kapitaal/lae oorhoofse koste** om die besigheid te begin.
- Hy hoef nie geld te leen van die bank nie. Banklenings skep skuld. Sy oom sal belê in die besigheid en hy kan die trok van sy oupa teen 'n redelike prys huur. ✓ Dit verminder 'n hoë kapitaal uitleg. Hy hoef nie apparaat te koop nie want hy werk van die huis af. Hy het nie hoë oorhoofse koste nie. Om van die huis af te werk beteken dat hy nie hoef huur te betaal om 'n plek om produkte te produseer. Geen advertensiekoste sal nodig wees nie, want die persone rondom sal eet en die mense sal vra waar hulle dit gekoop het.
- Hy het **tyd en energie** om in die besigheid te sit, want hy het nie 'n ander werk of verpligting nie. ✓
- In die scenario met die Covid-19-beperkings kan hy steeds 'n onderneming hê waar ontsmetting, die dra van maskers en sosiale afstand in toue toegepas kan word. ✓
- • Die onderneming het die potensiaal om uit te brei, aangesien hy aan die kriteria voldoen wat nodig is om 'n winsgewende sakegeleentheid te identifiseer en die faktore wat sy keuse van geskikte produkte beïnvloed, soos hierbo bespreek. ✓

**LET WEL**: Hierdie is 'n hoërorde kognitiewe vraag en die leerder kan nie net aanhaal van die gevallestudie nie. Insig is nodig om die inligting te bespreek en te analiseer. Om die vraag te merk, moet die onderstreepte woorde in skuinsgedruk aandui dat die onderwerp met 'n potensiële besigheidsidee verband hou en di vetgedrukte onderstreepte woorde moet aandui dat die faktore wat oorweeg word vir 'n geskikte produk, is gedek. (Enige 8 x 1) (8)

**[40]**

**TOTAAL: 200**